# Die universiteit en die goeie lewensorde

JP Oberholzer

**Abstract**

**The university and a wholesome community order**

The origins of the main ideas underlying university education are to be sought in the Ancient Near East, where from the earliest times the ideals of a safe and wholesome community order led to education and training.

The complicated nature of modern society demands attention to formative education in balance with training for specific purposes.

Ons is vandag by 'n feestelike geleentheid. Die akademiese prosessie, die teenwoordigheid van eregaste, familie en vriende, die geykte tradisionele formules en handelinge, die atmosfeer van prestasie en bekroning van prestasie – alles saam vorm wat ons 'n gradeplegtigheid noem, 'n plegtige geleentheid wat eie is aan die universiteit. Ek hoef u nie daaraan te herinner dat die universiteit as instelling 'n lang en eerbiedwaardige geskiedenis het nie, 'n geskiedenis wat op sy beurt op die skouers staan van 'n tradisie wat teruggaan op die vroegste oorspronge van geordende menslike samelewing. In hierdie tradisie en geskiedenis het die godsdiens en die reg van die begin af plek gehad. Die mite en die regsreël is daarom van die oudste literêre vorme, en die onderrig in wat reg en goed is teenoor gode en mense, van die oudste pedagogiese aktiwiteite. Dit is versoberend om in 'n Egiptiese teks uit die einde van die derde millenium v C, toe die gevestigde lewensorde van die Ou Ryk aan die afbreek was en mense na nuwe waardes begin soek het, die volgende te lees:

> Met wie kan ek vandag in vertroue praat?
> Maats is bedorwe,
> vandag se vriende is nie werklik vriende nie.
> Mense is skraapsugtig,
> elkeen is agter ander se goed aan.
> Die sagsinnige mens het verdwyn,
> die geweldenaar het vrye spel.

* Toespraak by geleentheid van die gradeplegtigheid vir Teologie en Regte, Universiteit van Pretoria, op 2 April 1985.

Daar is niemand wat reg doen nie,
die land is oorgelaat aan dié wat verkeerd doen.
Daar is niemand wat tevrede is nie,
niemand op wie jy kan vertrou nie (ANET 406).

Gevestigde lewensordes het nou eenmaal die manier om nie permanent te wees nie, en van vroeg af was dit 'n menslike strewe om 'n orde wat verbygegaan het, te probeer terugroep, of om 'n nuwe orde te vestig. Koning Lipit-Isjtar van Sumer en Akkad sien sy opdrag wat hy van die gode ontvang het by sy troonbestyging vroeg in die 19de eeu v C soos volg: om reg in die land te vestig, om redes vir klagte uit te skakel, om vyande en rebellie met wapengeweld teen te staan en om die welsyn van sy onderdane te bevorder (ANET 159). In die epiloog van sy wetskodeks beroem hierdie koning hom daarop dat hy aan sy goddelike opdrag voldoen het en dat geregtigheid en waarheid 'n vaste plek in sy land gekry het (ANET 161). Hierin word hy 'n eeu en 'n half later gevolg deur die bekende Hammurapi van die Ou Babiloniese Ryk:

Met die magtige wapen wat Sababa en Innanna aan my toevertrou
het,
met die insig waarmee Enki my bedeel het,
met die bekwaamheid wat Marduk my gegee het,
het ek die vyand noord en suid uitgeroei
en 'n end aan oorlog gemaak.
Ek het die welsyn van die land bevorder,
die volke rustig laat woon in vriendelike tuistes,
ek het niemand hulle laat terroriseer nie.
Die groot gode het my geroep
en ek het die weldadige herder geword wie se heerskappy
regverdig is;
my beskermende skaduwee is oor my stad gesprei.
In my boesem het ek die volke van die land van Sumer en
Akkad gedra;
hulle het voorspoed geniet onder my beskerming,
ek het hulle steeds in vrede regeer,
ek het hulle beskut in my wysheid,
sodat die sterkes nie die swakkes verdruk het nie,
aan die weeskind en die weduwee reg geskied het (ANET 178).

As hieruit blyk dat die gedagtes van 'n veilige en weldadige lewensorde wat deur goeie regering verseker word, nie nuut is nie en nie eers

onder die impulse van Griekse denke ontstaan het nie, volg dit dat die opleiding en opvoeding van jongmense met die oog op so 'n lewensorde self van vroeg af 'n behoefte was. Dat dit inderdaad so was, blyk uit die talle geskrifte uit dié vervloë eeue waarin die opvoeding voorop staan: die sogenaamde wysheidsboeke waarin die wysheid voorgehou word as die sleutel tot die goeie lewensorde. Daarin word groot klem gelê op die regte woord en die regte optrede op sy tyd. Teen die einde van die 22ste eeu v C gee 'n Egiptiese koning onder andere die volgende advies aan sy seun en opvolgers: 'Wees 'n kunstenaar met taal, sodat jy sterk kan wees, want die tong is 'n mens se swaard, en om te kan praat, is dapperder as om te veg. Niemand kan 'n man omloop wat 'n bedrewe verstand het nie, en waar hy is, is daar nie teenspoed nie' (ANET 415). Die Bybelboek Spreuke sê dit so:

> Goue appels wat in silwer gemonteer is,
> so is die regte woord op die regte tyd (25:11).

Die groot beskawings van die Tweestromeland en Egipte en hulle bure aan die oostelike Middellandse See het ondergegaan, maar hulle kosbare geestelike erfenis is opgeneem deur dié wat hulle gevolg het. Die klassieke tyd se opgang en prestasie is nie denkbaar sonder die groot antieke hoogbloei van kultuur nie. Wanneer die eerste universiteite hulle verskyning maak in die 12de en 13de eeu n C en beskryf word as die produk van die geestelike lewe van die Middeleeue, strek hulle voorgeskiedenis ver terug via die katedraal- en kloosterskole, die kategeseskool van Aleksandrië, die Romeinse retoreskole, die lyceum, akademie en gimnasium van die Grieke na die skrywerskole van die Ou Nabye Ooste wat by paleise en tempels die oorgelewerde en ontwikkelende kundigheid telkens aan 'n volgende geslag deurgegee het, sodat die lewensorde bewaar en uitgebou kon word.

Kenmerkend deur al die antieke eeue was die integrasie van godsdiens en kultuur, geestes- en tegniese kennis. Die wyse van die oudheid was die bedrewene. Die vakman in metaal, hout en tekstiel was ewe goed 'n wyse as die spreker en skrywer, en albei het hulle wysheid van God ontvang. Van Besaleël, die kunstenaar van die tabernakel, sê die Here: 'Ek het vir Besaleël uitgekies ... Ek het hom toegerus met my Gees sodat hy met vaardigheid, insig en verstand enige werk kan doen' (Eks 31:2,3), en van die boer sê Jesaja: 'Sy God leer hom en gee hom die kennis hoe om alles te doen soos dit hoort' (29:26). As 'n wetenskap-in-die-kiem wat die hele menslike lewe, alle lewensverbande en die totale

lewensorde tot onderwerp het, was die wysheid soos dit in die Ou Testament neerslag gevind het, tegelyk ten volle opgeneem binne die wilsopenbaring en die diens van die een en enigste God, en dit het beteken dat wysheid gelykgestel is aan die eerbied vir en die diens van God, dat wysheid tegelyk reg doen en goed doen was. Hier was geen ruimte vir 'n vaardigheid of 'n deug wat nie sy plek in die verhouding tot God gehad het nie:

> Die norme vir die regspraak kom van die Here af,
> Hy bepaal die maatstawwe (Spr 16:11).
> Die wil van die koning staan onder die gesag van die Here;
> soos 'n stroom water lei Hy dit soos Hy verkies (21:1).
> Van sy ouers kan iemand 'n huis en besittings erf,
> maar 'n verstandige vrou is 'n geskenk van die Here (19:14).

Op dié wyse word die wysheid dus die fondament van die weldadige lewensorde, terwyl sy teenhanger, die dwaasheid, die lewensorde ondermyn en die lewe self bedreig. Reeds in die Ou Testament self word die netjiese sisteem van die wysheid met sy onderliggende vergeldingsgedagte egter bevraagteken. Die lewe is nou eenmaal nie so enkelvoudig en geordend nie. Die strewe na 'n vaste lewensorde bly 'n strewe. Die boek Prediker bevind dat die wysheid op die uiterste lewensgrens niks beter as die dwaasheid is nie: Die wyse sterf net soos die dwaas (2:16). Al wat sin maak, is:

> Doen met toewyding alles wat jou hand vind om te doen,
> want in die doderyk waarheen jy op pad is,
> is daar nie werk of insig of kennis of wysheid nie (9:10).

In die boek Job word die tradisionele wysheidsisteem gevind in die uitsprake van sy vriende, maar dit bied vir sy probleem geen oplossing nie. Ook sy eie uitdagende houding is nie die antwoord nie. Die lot van die mens en die gang van sy lewe lê in die hand van God. Die uiteindelike antwoord lê daarom nie in bedrewenheid van woord en daad nie, maar in 'n houding. Binne die persoonlike verhouding tot God, en daar alleen, vind die mens sy balans en sy rus, en hierdie balans en rus is daar afgesien van uiterlike omstandighede. Soos Psalm 73:26–28 dit stel:

> Al is ek afgetakel na liggaam en gees,
> God is my sterkte ....
> Maar wat my aangaan, dit is vir my goed om naby God te wees.

Dit is dan ook nie te verwonder nie dat in die Nuwe Testament daar enersyds 'n skerp afgrensing is teenoor die Griekse filosofiese wysheid en andersyds 'n aansluiting by die Ou-Testamentiese wysheidsopvatting in sy totaliteit. Jesus word nie alleen voorgestel as 'n wysheidsleraar wat met besondere wysheid bedeel is nie, maar word deur Paulus beskryf as die wysheid self wat van God kom (1 Kor 1:30). Die prediking wat vir die wêreld (dié wêreld wat sy waarheid in die wysbegeerte soek) onsin is, word nou die boodskap van redding. Die veilige en weldadige lewensorde word in hierdie lig gesien as 'n orde waar die owerheid sy Godgegewe taak in gehoorsaamheid uitvoer en waar die Christene deur hulle besondere lewenswyse die lewende voorbeelde is van mense wat voortdurend daarna streef om hulle skeppingsdoel te vervul, gelei deur die wysheid wat nie van hierdie wêreld is nie, die evangelie. Die onvolkomenheid van hierdie lewensorde word egter steeds beklemtoon. Die gelowige wat op pad is na die ewige, volmaakte toe, leef hier in voortdurende spanning met 'n gebroke en gebrekkige orde waarin die reg en die waarheid hoogstens broksgewys teenwoordig is. Terwyl aan die een kant die totale heerskappy van God oor alles en almal geproklameer word, vind ons aan die ander kant in die Nuwe Testament geen gedagte in die rigting van 'n Christelike staat nie. Dit sou later kom en sou telkens laat blyk dat ook die orde wat versier word met die byvoeglike naamwoord 'Christelik' nog steeds die gebrokenheid en gebrekkigheid as kenmerk het. Universiteite wat per pouslike dekreet ontstaan het, sou daarom rustig die teologie baseer op die *Sententiae* van Petrus Lombardus, regte op die *Corpus juris*, medies op Hippocrates, Galenus en Avicenna, lettere op Aristoteles, en ná die Reformasie sou Luther, Melanchton en Calvyn vir Petrus Lombardus aan dié universiteite vervang wat vir die Reformasie gekies het, maar sou die ander fakulteite in hoofsaak onaangeraak bly. Die universiteit het sy tradisie binne die volle stroom van oorgelewerde kennis behou en het tegelyk oop gebly vir nuwe kennis. Saam met die kennis was daar egter ook steeds 'n gesindheid wat aan elke universiteit 'n besondere eie karakter gegee het. Die Universiteit van Pretoria het steeds vasgehou aan die gedagte om kennis en kultuur nie van mekaar te vervreem nie, om geleerdheid tegelyk ontwikkeldheid en opgevoedheid te laat wees, sy dit dan dat die geleerdheid meer langs formele, die opvoeding meer langs informele weg nagestreef is. Die groter eise aan gespesialiseerde beroepskundigheid laat helaas steeds minder ruimte vir vormende vakke in die voorbereidende studie ook vir regte en teologie. Die Suid-Afrikaanse teoloog en regsgeleerde bevind hulle in

'n samelewing met 'n ingewikkelde geskiedenis, 'n veelvormige ekonomie, steeds veranderende staatsvorme, 'n veelheid van volke, tale en kulture, grootskaalse konflik in sosio-psigologiese prosesse en aspirasies. Die behartiging van die reg, en die herderlike versorging van die mens in so 'n samelewing, vra daarom naas gespesialiseerde vakkennis en deernis met die individu, ook nog 'n wye algemene kennis. Die grade wat u vandag ontvang, getuig dat u 'n inleiding ontvang het tot gespesialiseerde vakkennis en dat u oor dié algemene kennis beskik wat u daarnaas kon versamel op u pad deur skool en universiteit. Dit getuig verder dat u die wetenskapsweg betree het wat u in staat stel om self u kennis uit te brei sodat u diens aan reg en waarheid 'n diens sal wees binne die werklikhede van ons leefwêreld. By die gelukwense wat u vandag ontvang, kom die vertroue wat ons, die ouer geslag in kerk, universiteit, familie en samelewing in u stel om u roeping en beroep steeds volle diens te laat wees aan land en volk, met daarby die vermaning dat u dit wat u ontvang het, sal uitbou en so u eie bydrae tot die strewe na reg en waarheid sal maak. As gelowige mense sal ons nie verbykyk by die relatiwiteit van elke orde waarvan ons deel is of wat ons probeer vestig nie, maar sal ons tegelyk die eise om die heiliging van die lewe ernstig neem. Vanuit die Bybelse perspektief: Wat julle ook al doen, doen alles tot eer van God.